Die boeke papier moet vroeër afsonderlik en as geheel met seil-garing vasgewerk gewees het in 'n lap gelooide oorleer, wat uitwendige tekens dra van beskadiging deur brand en op ander wyse.

Museum-nummer: H.A. 143.

## 4. *Aard, Doel en Strekking.*

Met sekerheid kan aangeneem word dat Trichardt sy aantekeninge in die Eerste Dagboek aangevang het met die begin van sy verkenningstog agter Van Rensburg aan, na sy ontmoeting met genl. Potgieter, terwyl dáarvan die eerste bladsye, soos 't by die teks aangedui is, verlore geraak 't. Daar is hoegenaamd niks om te bewys dat die outeur vóor die tyd reeds aangevang het met die hou van enige aantekening nie; inteendeel, hierdie Eerste Dagboek dra alle uitwendige en ander aanduidinge dat dit ook die begin was van sy dagboek-werkdadigheid. Sodat ek ook tot die gevolgtrekking gekom 't dat ons hier te doen het met álles wat deur Trichardt te boek gestel werd.

Onmiddellike aanleiding tot die hou van sy eerste aantekeninge kan gewees het die rapport wat hy later aan genl. Potgieter sou wou maak. Moontlik is ook dat die omstandigheid hoe een van die lede van Potgieter se geselskap, naamlik Bronkhorst, in staat was om uit sy daelikse aantekeninge [11]) hul rit agter Trichardt en Van Rensburg aan soveel noukeuriger aan te dui as wat 't vir Trichardt moontlik was met betrekking tot sy trek oor dieselfde veld, hom toe laat besluit het om, altans van sy tog na die Limpopo, ook 'n dergelike notisie te hou. In die betekenis wat deur albei geheg word aan die afgelegde afstande, bestaan 'n onbetwyfelbare ooreenkoms. Na Potgieter se vertrek egter werd dieselfde soort van aantekeninge voortgesit, en selfs die eerste gedeelte daarvan weer oorgeskryf en enigsins uitgebrei. En hier moet m.i. die derde moontlike en miskien vernaamste aanleiding sig laat geld het vir die hou van so 'n register — toe naamlik sy beeste by die honderd begin doodgaan, toe daar

[11]) Vgl. Bylae III by die Akademie-uitgawe, 1917.

aasvoëlsveer.[13]) Na 30 November 1836 werd geen ander skryf-materiaal meer gebesig nie, selfs nie in vier maande na hul aankoms in Lourenço Marques nie.

Die aantekeninge werd egter nie gereeld iedere dag bygehou nie, maar telkens, as daar iets tussenbeie kom, vir enige dae agteruit opgemaak. Op 22 Maart 1837 is hiervan 'n duidelike bewys te sien. In die meeste gevalle kan egter aangeneem word dat een en ander middellik, meestal dieselfde dag nog, opgeskryf werd.

Oor die algemeen is taal en styl van die Dagboek nie veel ánders of beter dan wat vandag nog (1917) seer algemeen is onder mense van die vorige generasie, wanneer hulle daartoe kom om 'n brief te skryf of 'n stuk op te stel; hoewel dit miskien 'n weinig digter by die Nederlands staan en die outeur se woordekeus ook aanmerklik ryker is.

'n Neiging in die rigting van Afrikaans is onmiskenbaar — eenmaal gebruik hy selfs die dubbele negatief van die spreektaal, verwaarloos dikwels die vorme van die werkwoord en die uitgange.

Opmerklik is 'n sonderlinge, gewestelike uitspraak van die „e," wat eie is aan die Oostelike Provinsie van Kaapland, en soos hieruit blyk derhalwe reeds 'n honderd jaar gelede sig laat geld het. Dit bring mee dat hy b.v. „tind" i.p.v. „tent" skryf, „vind" i.p.v. „vent," „ind" i.p.v. „end," „min" i.p.v. „men," — „omtrind," „Novimber," „rim-ketang" en „Rinsburg," ens.[14])

Dieselfde eienaardige uitspraak het meermale ten gevolge dat hy „osse" skryf waar „ossie" bedoel word, en dat die w.w. „zetten"

---

[13]) „Waboom" was die algemene benaming vir 'n paar soorte van die boomsoort *Protea*, of suikerbos. Gewoonlik is die naam egter beperk tot die *Protea Grand·flora*. Boekenhout (*Faurea saligna*) behoort tot dieselfde familie; alle *Proteacas ë-* blare en -bas bevat looisuur, waaruit ink vervaardig kan word deur dit te kook en ysterroes daarby te doen. Die meedeling aangaande die gebruik van waboom-ink is afkomstig van Carolus Trichardt se seun, Jeremias. Vgl. *Voortrekkermense*, verklaring L. de Klerk.

[14]) Hierdie opmerkings werd so neergeskryf in 1917, voordat dieselfde gewestelike uitspraak in die vorm van 'n „Woordelys" ons almal gedwing het om ook te skryf: „bring" i.p.v. „breng," „dink" i.p.v. „denk," ens.!

Lichtenstein se meedeling oor sy betrekking tot Gaika se moeder, wat later allerweë somaar so oorgeneem werd, kan nie heeltemal sonder twyfel aanvaar word nie, en waarskynliker is dat hy by Gaika geleef het met 'n Zoeloe-meid uit sy vroeëre Natalse periode, naamlik 'n nig of 'n suster van Mzilagazi.[23]) Haar het hy in Kafferland laat agterbly, by sy terugkeer na Swellendam in 1803, maar twee van die seuns wat hy by haar verwek het, naamlik Michael en Dorha, het hy meegeneem, en eersgenoemde werd later te Swellendam gedoop.

De Buys het enige jare in die distrik gewoon en, ondanks die gevolge van sy omgang met die wildes, daarna gestreef om sig opnuut onder 'n beskaafde samelewing te skik, toe die Kaap vir die tweede maal deur Engeland geannekseer werd. Andermaal het hy sig skuldig gemaak aan dade van verset, wat, na hy alle rede had om te vrees, sy vyande van die vorige Engelse regime weer op sy hals sou bring. En toe die nuwe regeerders weer van De Buys hoor, had hy sig benoorde Grootrivier, nie vér van Grikwastad af nie, neergelaat, en dáar 'n bende kleurling-volgelinge om hom versamel, wat hy onder aanvoering van 'n Gona-Hotnot, Danster, gebruik het om die Engelse grens te verontrus en vrybuitery te pleeg.[24])

Hy het hier in die suidelike gedeelte van Betsjoeanaland gewoon tot ongeveer 1819, sig opnuut met die inboorlinge verswaer, tans deur 'n Hottentotmeid tot sig te neem, en die Engelse getrotseer totdat daar te lange leste militêre maatreëls teen hom moes beraam word uit Kaapstad.

„My vader het baie vee gehad," vertel sy seun Michael,[25]) „verskeie perde het altyd opgesaal gestaan. Op 'n dag had my moeder of vader 'n Boesmanmeid na die Rivier (Grootrivier) gestuur om water te haal, toe ons haar opeens hoor skreeu dat witmense haar agtervolg. Daarop is my vader met sy agterryer na die rivier gegaan

---

[23]) C. Hofmeyr, *Twintig Jaar in Zoutpansberg*, J. H. Rose, Kaapstad, 1890; bl. 6.

[24]) Cory, Deel I, bl. 295; Theal, *Historical Sketches*, bl. 270.

[25]) C. Hofmeyr, *Twintig Jaar in Zoutpansberg*, bl. 7, *et seqq.*

